



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2018

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

PUNTE: 180

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye, 'n HTML-merkersblad en 'n
toevoermasker-karakterblad en 'n aparte inligtingsblad.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. As gevolg van die aard van hierdie praktiese eksamen is dit belangrik om daarop te let dat, selfs as jy die eksamen vroeg klaarmaak, jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe funksies wat met die eksamen geassosieer word, gefinaliseer is NIE. Gedurende die eksamen geld die normale reëls oor die verlating van die eksamenlokaal.
2. Sleutel jou van en naam in die bladsykopskrif ('header') van ELKE dokument wat jy skep of stoor.
3. Die toesighouer sal 'n CD/DVD/geheuestokkie ('flash disk') met al die lêers wat vir die eksamen benodig word, aan jou gee, OF jy sal ingelig word waar die lêers op die netwerk of rekenaar gevind kan word. Indien 'n CD/DVD aan jou uitgereik is, moet jy jou skool en naam op die CD/DVD skryf. Indien jy op die netwerk werk, moet jy die instruksies volg wat deur die toesighouer/onderwyser gegee word.
4. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.
5. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.
6. Beantwoord AL die vrae.
7. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.
8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.
9. Aan die einde van die eksamen moet jy die CD/DVD/geheuestokkie wat die toesighouer aan jou gegee het, inlewer, met AL jou antwoordlêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos wat die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik het. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. Moet NIE onnodige lêers/lêergidse stoor NIE. Moet NIE duplikaatantwoordlêers/- lêergidse inlewer NIE.
10. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf is, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD**. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.
11. Gedurende die eksamen mag jy die aflyn hulpfunksies van die programme wat jy gebruik, raadpleeg. Jy mag GEEN ander hulpbronnemateriaal gebruik NIE.
12. Tensy anders aangedui, gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in sigbladvrae. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

13. **LET WEL:** Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al verander die data.
14. Indien data afgelei is uit 'n vorige vraag wat jy nie kon beantwoord nie, moet jy steeds voortgaan met die vrae wat volg.
15. In alle vrae wat woordverwerking behels, moet die taal op *English (South African)* gestel word. Die papiergrootte word as *A4-portret* ('Portrait') aanvaar, tensy anders aangedui.
16. Maak seker dat die streeksinstellings ('regional settings') op Suid-Afrika ingestel is en dat datum- en tydininstellings, nommerinstellings en geldeenheidinstellings korrek ingestel is.

In Aanhangsel A word die HTML-merkersblad voorsien.

17. Die eksamenlêergids/CD/DVD/geheuestokkie ('flash disk') wat jy gaan ontvang saam met hierdie vraestel, bevat die volgende lêergids en lêers wat onder aangedui word. Maak seker dat jy die lêergids met AL die lêers het voor die eksamen begin.

• 1_Picture	Prentlêer
• 1_Triathlon	Woordverwerkingslêer
• 1_TriathlonSA	Prentlêer
• 2_Triathlon flyer	Woordverwerkingslêer
• 3_Recording	Sigbladlêer
• 4_Logo	Prentlêer
• 4_Triathlon Records	Databasislêer
• 5_Picture	Prentlêer
• 5_Triathlon website	HTML-lêer
• 6_Letter	Woordverwerkingslêer
• 6_Records	Databasislêer
• 7_News Paper Article	PDF-lêer
• 7_Nutritional Requirements of an Athlete	PDF-lêer
• 2018 Race	PDF-lêer

SCENARIO

Jou plaaslike gemeenskap het besluit om 'n veldtog te loods om gesonde leefstyle te bevorder. Onder die aktiwiteite wat gaan plaasvind sal daar 'n driekampwedloop wees. Hulle het jou genader om hulle te help met die boekwerk wat die volgende sal insluit, uitstuur van uitnodigings, ontwerp van dokumente wat die gebeurtenis verduidelik, byhou van uitslae en inligting aangaande atlete en die opstel van 'n webtuiste om die gebeurtenis te bemark.

VRAAG 1: WOORDVERWERKING

'n Dokument is ontwerp met die basiese feite van die driekampwedloop.

Maak die **1_Triathlon** woordverwerkingsdokument oop.

- 1.1 Stel boonste en onderste kantlyne van die dokument op 2 cm. (1)
- 1.2 Die dokument benodig 'n voorblad ('cover page'). Doen die volgende:
 - 1.2.1 Voeg die voorblad Ion (Dark) aan die begin van die dokument. (1)
 - 1.2.2 Voeg die volgende titel op die voorblad van die dokument in die titel teksblokkie: Triathlon. (1)
 - 1.2.3 Voeg die huidige jaar in die Jaar teksblokkie. (1)
- 1.3 Voeg enige outomatiese gegenereerde Inhoudsopgawe ('table of contents') in na die opskrif 'Table of Contents' op die tweede bladsy. (1)
- 1.4 Pas style toe op die dokument:
 - 1.4.1 Verander die 'Heading 2' styl as volg:
 - Maak die fontkleur rooi.
 - Onderstreep. (2)
 - 1.4.2 Pas toe op al die 'Heading 2' style. (1)
- 1.5 Pas 'n vergrote hoofletter-effek ('dropped cap effect') op die woord 'A' toe (gevind onder die opskrif 'Introduction'), sodat dit oor 3 lyne verskyn en stel die spasiëring op 0.5 cm vanaf die teks. (3)
- 1.6 Vind die paragraaf 'A transition ...the race'. Verander die paragraaf formatering van die paragraaf om aan te pas by die res van die paragrawe. (2)
- 1.7 Vind die woord 'Triathlon' onder die opskrif 'History of Triathlon'. Koppel 'n hiperskakel aan die opskrif 'History of Triathlon in South Africa'. (2)

- 1.8 Vind die kolpuntlys ('bulleted list') onder die 'Distances are displayed as swim/bike/run:' opskrif. Formateer die kolpuntlys as volg:
- Gebruik die prentjie 1_**Picture.jpg**.
 - Pas die lys inkeeping (list indents) aan om die kolpunt / nommer met 'n spasie te volg.
- (2)
- 1.9 Vind die teks 'Name ...' onder die opskrif 'Skills'.
- Skakel ('convert') teks om na tabel met 4 kolomme.
 - Gebruik die tabelstyl Grid Table 4 Accent 2.
 - Verander die ryhoogte van al die rye in die tabel na presies 1 cm.
 - Sentreer die inhoud van die hele tabel vertikaal.
- (6)
- 1.10 Vind die verskafte spasie vir die prentjie onder die opskrif 'Triathlon South Africa'.
- Voeg in 1_**TriathlonSA.png**.
 - Voeg 'n byskrif ('caption') op die prentjie sodat dit in lyn is met die ander prentjies in die dokument.
 - Die prentjie verwysing moet verskyn in die figuurtabel ('table of figures').
- (3)
- 1.11 Vind die teks 'Ironman Triathlon' onder die opskrif 'Ironman Triathlon'.
- Voeg 'n voetnota onder die teks in.
 - Die voetnota se teks moet die volgende bevat "Refer to www.triathlonsa.co.za".
- (3)
- 1.12 Maak gebruik van outomatiese nommering by die Verwysings ('References') deur gebruik te maak van die nommerformaat a,b,c.
- (2)
- 1.13 Voeg die outomatiese bladsynommering in die middel van die voetskrif ('footer') van die dokument as volg:
- Bladsynommering moet op die 'Table of Contents' bladsy begin.
 - Bladsynommering moet die 'Page 1 of 1' formaat verskyn.
 - Die bladsynommers op die ongelyke bladsye moet links-inlyn ('left- aligned') gestel word.
 - Die bladsynommers op die gelyke bladsye moet regs-inlyn ('right- aligned') gestel word.
- (6)
- Stoor en maak die 1_Triathlon dokument toe.
- [37]

VRAAG 2: WOORDVERWERKING

Jy word gevra om die ontwerpde strooibiljet te verander ('modify'). Die strooibiljet gaan versprei word as 'n vorm van bemaking vir die gebeurtenis.

Maak die woordverwerkingsdokument **2_Triathlon flyer** oop en verander die dokument om te lyk soos hieronder.



- 2.1 Verander die papiergrootte na A5. (1)
- 2.2 Formateer die prentjie watermerk ('picture watermark') as volg:
- Stel die skaal van die watermerk na 500%.
 - Verwyder die was-uit ('washout') van die watermerk. (2)
- 2.3 Pas 'n Stop teks-effek transformasie toe op die WordArt '1st Annual Water Park Triathlon'. (2)
- 2.4 Formateer die prentjie as volg:
- Die 3^{de} prentjie moet geskuif en gesentreer word en dieselfde grootte wees as die ander prentjies.
 - Voeg 'n 'Glow 18 Point Orange' prentjie-effek om al die prentjies. (4)
- 2.5 Voeg 'n horisontale rolvorm ('scroll shape') aan die onderkant van die bladsy met 'n temavul ('theme fill') van "light 1 outline, coloured fill Orange Accent 2."
- Voeg die volgende teks in: **It's a Showdown!** (4)
- Stoor en maak die 2_Triathlon flyer dokument toe. [13]

VRAAG 3: SIGBLAD

’n Sigblad wat die uitslae van die gebeurtenisse bevat is gestoor in die **3_Recording** sigblad.

Maak die **3_Recording** sigblad oop en werk in die **Results** werkblad.

3.1 Formateer die werkblad as volg:

3.1.1 Voeg (‘Merge’) die selle vanaf sel **A1** tot sel **O2** saam. (1)

3.1.2 Voeg die teks ‘Triathlon SA Results Water Park’ in die saamgevoegde selle. (1)

3.1.3 Pas enige gradiënt-vul toe op die saamgevoegde selle. (1)

3.1.4 Formateer **Ry 3** sodat al die inhoud sigbaar is sonder om die selle te vergroot. (1)

3.2 Vries (‘freeze’) die panele sodat opskrifte in ry 2 verskyn wanneer jy ondertoe rol (‘scroll down’). (2)

3.3 Skep die kode vir elke atleet as volg:

- Die letters wat die provinsie aandui waar die atlete vandaan kom,
- enige ewekansige (‘random’) waarde tussen 1–999
- en die huidige jaar.
- Alles word geskei met die / karakter.

Voeg ’n funksie in sel **A4** om die kode vir Silas Solis te skep.

Kopieer die funksie in sel **A4** na die res van die selle in kolom A. (6)

3.4 Gebruik ’n geskikte sigbladfunksie om die 3 atlete met die beste tyd in kolom K met ’n blou kleur aan te dui. (3)

3.5 Atlete sal medaljes ontvang vir deelname. Die medalje tabel is gestoor in die **Table** werkblad in die **3_Recording** sigblad.

Gebruik ’n ‘lookup’ funksie in sel **M5** om die tipe medalje aan te dui wat die atleet sal ontvang nadat die wedloop voltooi is.

Verseker dat die funksie korrek sal werk indien dit gekopieer word na die res van die selle in kolom **M**. (4)

3.6 Atlete word as volg beloon vir hulle deelname:

Medalje	Bedrag
Platinum	R10 000.00
Goud	R8000.00
Silwer	R5000.00
Brons	R3000.00
Geen medalje	-

(4)

Voeg ’n toepaslike funksie in sel **N6** om die bedrag waarmee Beck Cantu vergoed sal word te vertoon.


3.7 Die totale tyd (‘total time’) sluit die oorgangstye (‘transitional times’) (T1 en T2) in. Die organiseerders verlang dat jy die oorgangstye moet wegvat van die totale tyd en dan ’n nuwe totale tyd moet bepaal.

Bereken die New Total Time in sel **O4**. (3)

- 3.8 Voeg 'n funksie in **L72** om die totale bedrag wat deur al die ZIM atlete ingesamel is, te bepaal. (4)
- 3.9 Elke atleet is veronderstel om 'n registrasiefooi van R1000.00 te betaal. Bereken in sel **L74**, die uitstaande bedrag van die ZIM atlete. (6)
- 3.10 Voeg 'n funksie in sel **L76** om die getal atlete te bepaal wat nog nie betaal het nie. (2)
- 3.11 Bereken in sel **K78** die gemiddelde tyd wat dit geneem het om die wedloop te voltooi. (2)
- 3.12 Gebruik 'n funksie in sel **K80** om die tyd wat die gereeldste voorgekom het in kolom K te bepaal. (2)
- 3.13 Die organiseerders was geïnteresseerd om te weet wie die atlete is met die beste uithouvermoë. Die atlete wat hulle glo die meeste uithouvermoë gehad het, is die wat in minder as 7 minute klaar geswem het en in minder as 22 minute die fietsry voltooi het.
- Voeg 'n funksie in sel **K84** om die aantal atlete te bepaal wat kon uithou ('endure'). (5)

Werk in die **Graph** werkblad.

- 3.14 'n Kaart is geskep deur gebruik te maak van die data in die **reeks A2:D11**. Verander die kaart / grafiek om te vertoon soos die kaart / grafiek hieronder deur die instruksies uit te voer wat volg:



- Verander die kaarttitel na "Triathlon Championships".
- Voeg die teks 'Time' in vir die vertikale as.
- Verander die horisontale as om te lyk soos die bostaande voorbeeld.
- Verander die verklaring ('legend') sodat dit Swimming, Cycling en Running vertoon.
- Formateer die kaartarea met enige gradiënt-vul.
- Gebruik 'n sigbladfunksie om die kaart na 'n nuwe blad te skuif en noem dit Triathlon Graph.

(6)

Stoor en maak 3_Recording sigblad toe.

[53]

VRAAG 4: DATABASIS

’n Databasis van al die atlete wat deelgeneem het is ontwerp, maar het foute.
Verander die databasis en doen al die navrae in die ‘design view’.

Open die **4_Triathlon Records** databasis.

4.1 Verwerk die **Athletes**-tabel as volg:

4.1.1 Verander die veldgrootte van die **Athlete Code** veld na 08. (1)

4.1.2 Ontwerp ’n toevoermasker (‘input mask’) vir die **Athletes Code**-veld sodat slegs data in die volgende formaat aanvaar sal word:

- Drie verpligte letters.
 - Drie syfers.
 - Twee verpligte letters.
 - Alle letters moet in hoofletters wees.
- Voorbeeld: KZN989EY (4)

4.1.3 Stel die primêre sleutel op ’n meer gepaste veldtipe. (1)

4.1.4 Verander die kenmerke van die **DOB**-veld na ’n medium datum. (1)

4.1.5 Die atleet moet aandui indien hy of sy gestrem is of nie.
Stel die **Disability** veld na ’n gepaste veldtipe. (1)

4.1.6 Stel die verstekwaarde (‘default value’) van die **Fees**-veld tot R1000.00. (1)

4.1.7 ZIM is weggelaat op die lys van Provinsies of Nasies in die **Province** veld.

Voeg ZIM by op die lys van provinsies en ZIM moet eerste verskyn op die lys. (2)

4.1.8 Verander die kenmerke van die **LastRace**-veld sodat:

- LastRace-veld ’n vereiste veld is.
- Verseker dat die datum wat op die veld ingevoeg word nie vroeër as 01 Jan 2015 is nie.
- ’n Gepaste teks moet vertoon indien die verkeerde datum ingevoeg word. (3)

4.2 Maak die vorm **frm4_2** oop.

Verander die vorm as volg:

- Verander die agtergrondkleur van die vorm kopskrif na blou.
- Verander die opskrif na ‘Results of Championships.’
- Voeg die prentjie **4_Logo.jpg** in die vorm kopskrif en blok regs.
- Voeg ’n Stop navigasie-instrument in om die vorm in die vorm voetskrif toe te maak. (6)

4.3 Open die navraag **qry4_3** en verander as volg:

'n Mobiele netwerk maatskappy wil die atlete wat Cell C (084) gebruik borg. As gevolg van die beduidende getal deelnemers het die organiseerders besluit om die borgskap net aan mans tussen die ouderdomme 20 tot 30 te gee.

Verander die navraag **qry4_3** om slegs die name en selnommers van die geborgde atlete te verkry. Sorteer alfabeties volgens die Athlete Name. (5)

4.4 Maak navraag **qry4_4** oop.

Verander die navraag sodat dit die totale bedrag aandui wat deur die ZIM atlete betaal is. (3)

4.5 Open die navraag **qry4_5**.

Die organiseerders het baie geld ontvang van borge en hulle het besluit om van die geld vir die atlete terug te gee. Die terugbetaling het as volg geskied:

- Elke atleet sal 'n terugbetaling van R100 ontvang en
- 10% van die Registrasie Fooi wat hy of sy alreeds betaal het.

Skep en vertoon 'n berekende veld genaamd Refund om die geld wat aan elke atleet betaal moet word te bereken. (5)

4.6 Skep 'n verslag vanaf die '**Results-tabel**'.

- Slegs die volgende velde moet gebruik word: Athlete Name, Province / Nationality, Gender, Age, Total time en Registration fee.
- Groepeer volgens die Province / Nationality veld en dan volgens die Gender veld.
- Sorteer volgens die Athlete Name-veld.
- Bladsy-oriëntasie moet landskap wees.
- In die Gender voetskrif, bereken die totale bedrag wat per 'Gender' ingesamel is in elke provinsie en nasie.
- Die totale bedrag moet in 'n geskikte formaat wees.
- Stoor dit as **rprt4_6**. (8)

Stoor en sluit die **4_Triathlon Records** databasis. [41]

VRAAG 5: WEBONTWERP (HTML)

'n Webblad sy is ontwerp om atlete bewus te maak van die driekampwedloop wat gaan plaasvind.

Maak die onvolledige **5_Triathlon website.html** webblad sy in 'n webblaai asook in 'n teks/HTML-redigeerder oop bv. Notepad (NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word NIE).

NOTA:

- Vraagnummers is as opmerkings ('comments') in die kodering ingevoeg as riglyne om aan te dui ongeveer waar die antwoord(e) ingevoeg behoort te word.
- 'n HTML-merkblad ('tag sheet') is as verwysing aangeheg.

Jou finale webblad sy behoort soos die voorbeeld hieronder te lyk.

Triathlon

A triathlon is an athletic contest in which each athlete competes in three different events: swimming, cycling, and running.


The community of Water Park will be having a Triathlon race on the 12th September 2018. All people are invited. This is an initiative by the Department of Health.

Notice to Athletes

Payment is strictly linked to entry deadlines. Under 18s require a parent or guardian consent to enter any race. Once online entries close, athletes can contact Trinity Sports to enquire about availability of late entries. Late entries are not guaranteed and are at the discretion of Trinity Sports Directors.

Distances for the day

- Swim - 400m
- Bike - 10 Km
- Run - 2.5km



The Water Park Guest Experience Includes:


Well-appointed covered and open-air viewing areas, comfortable seating lounges, and private suites. A spectacularly crafted luncheon designed by our executive chef. Private access to wagering kiosks and terminals, concierge services, and betting assistance. Access to the Water Park Grand Starting Gate held pre-race. Unique sites and sounds, gifts from our partners, and more.

Prizes will be as follows:

Time	Medal	Prize
less than 40 minutes	Platinum	R10 000
less than 45 minutes	Gold	R8 000
less than 50 minutes	Silver	R5 000
less than 55 minutes	Bronze	R3 000
Good Luck		

You can enter [another race](#) by clicking on the link and register. Good luck.

- 5.1 Voeg 'n HTML-kode sodat die teks 'Triathlon' in die webblaaier-oortjie (browser tab) sal verskyn. (2)
- 5.2 Pas die opskrif 'Triathlon' as volg aan:
• Sentreer die opskrif 'Triathlon'.
• Verander die fontkleur na rooi. (2)
- 5.3 Verander die grootte van die horisontale lyn wat onder die opskrif 'Triathlon' verskyn na 50% en in rooi. (2)
- 5.4 Voeg 'n merker ('tag') in wat die inligting in 'n vierkantige kolpuntlys sal plaas soos in die voorbeeld hierbo. (2)
- 5.5 Die prentmerker ('image tag') is veronderstel om die 5_Picture.jpg prentjie wat in jou lêergids is, te vertoon.
• Korrigeer die kode sodat die prentjie korrek vertoon.
• Die woord 'Swimming' moet verskyn as prentjie nie wys nie.
• Sentreer die prentjie horisontaal en voeg 'n raam van 5 pt rondom die prentjie. (4)
- 5.6 'n Tabel is geskep, maar vertoon nie korrek nie. Korrigeer as volg:
• Voeg 'n ry in aan die begin van die tabel en tik die teks in soos hieronder sowel as in die skermkopie ('screenshot') aangedui word.



Time	Medal	Prize
-------------	--------------	--------------

- Stel die tabelraam ('table border') op 1.
 - Stel die spasie tussen die teks en die selafwerking ('cell padding') op 10.
 - Voeg ('Merge') die selle in die laaste ry van die tabel saam. (5)
- 5.7 Voeg 'n skakel op die woorde '**another race**' aan die onderkant van die tabel en koppel dit aan die "2018 Race.pdf" lêer in jou lêergids. (3)

Stoor en maak die 5_Triathlon dokument toe.

[20]

VRAAG 6: ALGEMEEN


Die HUB ('CEO') van Water Park Triathlon het 'n gelukwensingsbrief aan die atlete geskryf wat aan die gebeurtenis deelgeneem het.

6.1 Maak die brief **6_Letter** oop en maak die nodige veranderinge.

6.1.1 Voeg vandag se datum in wat nie opdateer nie. (2)

6.1.2 Maak die verbeteringe aan die woord '**International**' soos aangedui in die kommentaar ('comment') en verwyder ('delete') dan die kommentaar. (2)

6.1.3 Verander gidslyne ('leader tabs') aan die onderkant van die vorm sodat dit vertoon soos hieronder.



(4)

6.2 Gebruik die **6_Records database** as die brondokument om briewe voor te berei vir die atlete deur gebruik te maak van die posaamvoegings ('mail merge') funksie van die woordverwerker.

Open die **6_Letter** woordverwerkingsdokument om die posaamvoegings vir die atlete as volg voor te berei:

- Net atlete van RSA Provinsie / Nasionaliteit moet die briewe ontvang.
- Sorteer die briewe alfabeties volgens die vanne.
- Beide van en naam moet in die saamvoegvelde ingevoeg word in die korrekte posisie.
- Saamvoeg is afgehandel en gestoor as **6_Merged letters**. (4)

Stoor en maak die 6_Letter dokument toe.

[12]

VRAAG 7: INTEGRASIE

'n Koerantartikel **7_Newspaper Article** moet geredigeer word.

- 7.1 Vind die onderstreepte woord 'color' en korreger dit deur gebruik te maak van die woordverwerkings 'spell check'. (1)
- 7.2 Gebruik 'n woordverwerkingsfunksie om die onderstreepte woord 'celebrating' te vervang met 'n sinoniem ('synonym'). Gebruik die eerste woord wat op die lys verskyn. (1)
- 7.3 Vind die onderstreepte woord 'Congratulations' en stel 'n 200% karakterskaling ('character scaling') op die woord. (1)
- 7.4 Plaas 'n ikoonskakel ('icon link') op die vorm wat voorsien word, van die pdf lêer "**7_Nutritional Requirements of an Athlete. pdf**" wat in jou gidslêer voorkom. (1)
- Stoor en maak as 7_Newspaper Article toe. [4]

TOTAAL: 180

HTML-MERKBLAD (HTML TAG SHEET)

Basiese Merkers (Basic Tags)	
Merker (Tag)	Beskrywing
<body></body>	Definieer die liggaam van die webblad
<body bg colour="pink">	Stel die agtergrondkleur van die webblad
<body text="black">	Stel die kleur van die liggaamteks
<head></head>	Bevat inligting oor die dokument
<html></html>	Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad
<title></title>	Definieer 'n titel vir die dokument
<!-- -->	Kommentaar
Teksmerkers (Text Tags)	
Merker (Tag)	Beskrywing
<h1></h1>	Skep die grootste opskrif
<h6></h6>	Skep die kleinste opskrif
	Skep teks in vetdruk
<i></i>	Skep teks in skuinsdruk
	Stel fontgrootte van "1" tot "7"
	Stel fontkleur
	Stel fonttipe
Skakelmerkers (Link Tags)	
Merker (Tag)	Beskrywing
	Skep 'n hiperskakel
	Skep 'n prentskakel
	Skep 'n teikenarea
	Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is
Formateringsmerkers (Formating Tags)	
Merker (Tag)	Beskrywing
<p></p>	Skep 'n nuwe paragraaf
<p align="left">	Stel 'n paragraaf links inlyn (verstek), kan ook "right" of "center" wees
 	Voeg 'n reëlbreek ('line break') in
	Skep 'n genommerde lys
<ol type="A", "a", "I", "i", "1">	Definieer die tipe nommers wat gebruik is
	Skep 'n kolpuntlys
type="disc", "square", "circle">	Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word

Formatting Tags continued	
Merker (Tag)	Beskrywing
	Word voor elke lysitem ingevoeg, en voeg dan 'n nommer of simbool by afhangende van die tipe lys wat geselekteer is
	Voeg 'n prent in
align="left">	Stel 'n prent inlyn: kan ook "right", "center", "bottom", "top", "middle" wees
border="1">	Stel die grootte van die raam rondom 'n prent
width="200" height="200">	Stel die hoogte en breedte van 'n prent
alt="alternative text">	Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind word nie
<hr/>	Voeg 'n horisontale lyn in
<hr size="3"/>	Stel die grootte (hoogte) van 'n reël
<hr width="80%"/>	Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde
<hr colour="ff0000"/>	Stel die kleur van die lyn
Tabelmerkers (Table Tags)	
Merker (Tag)	Beskrywing
<table></table>	Skep 'n tabel
<tr></tr>	Skep 'n ry in 'n tabel
<td></td>	Skep 'n sel in 'n tabel
<th></th>	Skep 'n tabelopskrif (in 'n sel met vetgedrukte, gesentreerde teks)
<table width="50">	Stel die breedte van die tabel
<table border="1">	Stel die breedte van die raam rondom die selle van die tabel
<table cellspacing="1">	Stel die spasie tussen die selle van die tabel
<table cellpadding="1">	Stel die spasie tussen 'n selraam en die inhoud daarvan
<tr align="left">	Stel die inlynstelling vir die sel(le) (kan ook "center" of "right" wees)
<tr valign="top">	Stel die vertikale inlynstelling vir sel(le) (kan ook "middle" of "bottom" wees)
<td colspan="2">	Stel die getal kolomme waarvoor 'n sel moet strek
<td rowspan="4">	Stel die getal rye waarvoor 'n sel moet strek

TOEVOERMASKER ('INPUT MASK') KARAKTERBLAD

KARAKTER	BESKRYWING
0	Syfer (0 tot 9, inskrywing vereis, plus [+] en minus [-]-tekens nie toegelaat nie)
9	Syfer of spasie (geen inskrywing vereis nie, plus [+] en minus [-]-tekens nie toegelaat nie)
#	Syfer of spasie (geen inskrywing vereis nie; spasies word as oop plekke ('blanks') in Redigeringsmodus ('Edit mode') vertoon, maar oop plekke word verwyder wanneer data gestoor word; plus [+] en minus [-]-tekens toegelaat)
L	Letter (A tot Z, inskrywing vereis)
?	Letter (A tot Z, inskrywing opsioneel)
A	Letter of syfer (inskrywing vereis)
a	Letter of syfer (inskrywing opsioneel)
&	Enige karakter of 'n spasie (inskrywing vereis)
C	Enige karakter of 'n spasie (inskrywing opsioneel)
. , ; - /	Desimale plekhouer en duisende-, datum- en tydskeiers (Die werklike karakter wat gebruik word, hang van die instellings ('settings') in die ' Regional Settings Properties '-dialoogblokkie ('dialog box') in die 'Windows Control Panel' af.)
<	Laat alle karakters na onderkas ('lower case') omgeskakel word
>	Laat alle karakters na bokas ('upper case') omgeskakel word
!	Laat die toevoermasker van regs na links, in plaas van links na regs, vertoon. Karakters wat in die toevoermasker ingesleutel word, vul dit altyd van links na regs. Jy kan die uitroepteken op enige plek in die toevoermasker invoeg.
\	Laat die karakter wat volg, as die letterlike karakter vertoon word (byvoorbeeld, \A word slegs as A vertoon)

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1 – SEPTEMBER 2018**INLIGTINGSBLAD** (moet NA die 3 uur-sessie deur die kandidaat ingevul word)

SKOOL: _____

NAAM: _____

WERKSTASIENOMMER: _____

SUITE GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (X))	Microsoft Office 2010	Microsoft Office 2013	Microsoft Office 2016	Office 365
WEBBLAAIER GEBRUIK (VRAAG 6) (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (X))	Mozilla Firefox	Google Chrome	Internet Explorer	Ander (Spesifiseer)

LÊERGIDSNAAM: _____

Maak 'n regmerkies indien dit gestoor en/of probeer is.

Vraag-nommer	Lêernaam	Gestoor (✓)	Probeer (✓)	Maksimum punt	Punt behaal	Nasiener	HVD	Cluster	EM
1	1_Triathlon			37					
2	2_Triathlon			13					
3	3_Recording			53					
4	4_Triathlon			41					
5	5_Triathlon			20					
6	6_Letter			12					
7	7_Newspaper Article			4					
TOTAAL:				180					

Kommentaar (slegs vir nasiener se gebruik)

